oesterbaai nuus

nuusbrief 3/2016

Voorsitter: *Walter Kurten* *Sel: 082 338 1138*
Sekretaresse: *Ria Louw* *Sel: 079 083 6397*
Tesourier: *Hettie Jooste* *Sel: 084 589 0101*

Adres: Posbus 95,
Oesterbaai
6305

Bankbesonderhede
ABSA BANK
Tak 632 005
Rekeningno : 4052178885

Alle Oesterbaaiers

Groete uit Oesterbaai! Hierdie tyd van die jaar is die ure in die dag altyd te min, die werk altyd te veel, en ons altyd te moeg. En ons is afgestomp. Afgestomp teenoor die mooi rondom ons, die seer, die indrukwekkende. Ons vergeet dat daar meer is in die lewe, dat ons op ‘n tyd meer wou wees. God het seisoene geskep (ook somer) sodat ons die lewe beter kan verstaan , sodat ons kan sin maak en sodat ons kan vashou aan ‘n hoop en ‘n verwagting. Want “this, too, shall pass”. Of dit goed of sleg is. Want dis ‘n seisoen. Ons nooi dus elke Oesterbaaier om saam met ons hierdie spesiale vakansie seisoen - sonskyn, Kersfees, kortbroeke, lang dae en heerlike nagte – te kom geniet, om die rustigheid te kom indrink sodat ons 2017 met nuwe insig, ywer, hoop, verwagting en deursettingsvermoë kan aanpak.

Die jaar 2016 was ‘n besonder besige jaar vir almal hier op Oesterbaai en ons deel graag ‘n paar laaste sake met julle:

1. OMGEWINGSBESTUURSPLAN

Joe Meyer en sy span het baie hard gewerk. In Oesterbaai is daar ‘n nuwe gees van optimisme met al die herstelwerk wat plaasgevind het. ‘n Volledige verslag sal tydens die Algemene Jaarvergadering op 22 Desember 2016 ingedien word. Soos voorheen gemeld, bly finansies maar ‘n probleem en daarom doen ons weer ‘n beroep op almal wat die belange van Oesterbaai op die hart dra (eienaars, vriende en vakansiegangers) om by te dra tot hierdie groot projek.. Alle bydraes kan gemaak word aan die Oesterbaai Inwonersvereniging , ABSA BANK , Taknommer : 632 005 Rekeningnommer : 4052178885.

2. AFVALSTORTINGSTERREIN.

Hierdie terrein is skoongemaak en daar is ‘n skip vir huishoudelike afval en ‘n terrein vir tuin en bou afval. Plaas asseblief u afval in die afgebakende gebiede en maak dit vir ons makliker om die gebruik van die terrein te bestuur.

3. LIDMAATSKAP VAN DIE OESTERBAAI IWONERSVERENIGING

‘n Ernstige beroep word nogmaals gedoen op alle eienaars/inwoners of enige ander persone wat die belange van Oesterbaai op die hart dra, om as lede van die Vereniging te registreer.

Ons herinner u graag daaraan dat lidmaatskapgelde vir 2017 reeds vanaf 1 November 2016 betaalbaar is. Lidmaatskapgelde is steeds R50/persoon. Dit beteken dat indien daar meer as een persoon in die huishouding is wat ouer as 18 jaar is en wat graag sy/haar deel vir ons mooi dorp wil doen, elkeen R50 moet betaal. Gelde kan betaal word by enige komiteelid. U kan ook die gelde inbetaal in ons rekening met u naam en erfnommer as verwysing.

Bankbesonderhede
ABSA BANK
Tak : 632 005
Rekeningno : 4052178885 (Navrae kan gerig word aan Hettie of Ria)

Stuur asseblief u bewys van deposito aan Hettie deur by hjooste@absamail.co.za Meld asseblief u adres en selfoonnommer en noem waarvoor inbetaling is (lidmaatskap, donasie ens.)

4. WATERVOORSIENING

'n Nuwe boorgat is geboor wat ons watervoorraad 'n groot hupstoot gee. Die nuwe boorgat lewer ongeveer 5000l/uur. Die reservoir is reggemaak en geseel. Ander boorgate is ook oopgeboor.

Die vakansie seisoen plaas egter altyd meer druk op ons waterbronne en daarom wil ons vra dat u gedurende die vakansietyd water met oorleg moet gebruik en bespaar waar moontlik.

Eienaars word egter steeds aangemoedig word om ekstra watertenks op sit om te help sou daar enige water krisisse ontstaan. Suid Afrika se waternood is tans hoog.

5. KERSMARK/NSRI FAMILIEDAG 21 DESEMBER 2016

Ons hoop om hierdie jaar op die sukses van die 2015 Kersmark/Familie Pretdag voort te bou en die Komitee het hard gewerk om dit moontlik te maak.

Die jaarlikse Kersmark gaan dus hierdie jaar weer in die vorm van 'n straatmark (Branderstraat) by die strand aangebied word in samewerking met die NSIR. Indien jy sou belangstel om hierdie jaar deel te neem, is dit nou die tyd om Ria so gou as moontlik te kontak en jou tafel so gou as moontlik te bespreek. Ons gaan hierdie jaar halwe tafels verkoop (90x58cm) teen R50/tafel. Die Komitee het reeds besig met die finale beplanning .

Daar is alreeds tafels vir klere, juwele, parfuum, houtwerk, plante, groente, melk en kaas , boeke , blomme, konfyte, blatjang, piekels, gebak, handwerk, vetkoeke, pannekoek, worsbroodjies, steakrolls en meer.

Wat vermaak betref word die volgende beplan:

Ons gewilde Hondeskou (verskeie kategorieë) Inskrywingsgeld R20

Mnr en Mej. Oesterbaai – drie kategorieë Voorskool, Laerskool en Hoërskool/Universiteit asook 'n pretafdeling "Kyk hoe lyk ons nou" – spesiaal vir die oueres en die dapperes Inskrywingsgeld R 30

NSRI uitstalling en demonstrasie (afhangende van die weer)

Brandweer – uitstalling , ritte vir kinders , skuim

.

Eiergooi, strand "volley ball", skattejag, perderitte, springkasteel ens.

Pretdraf op die strand – 6 en 12km. Afdelings Laerskool, Hoërskool en Volwassenes

Dit beloof om 'n heerlike familiedag te wees.

Die dag gaan afgesluit word met 'n byeenkoms die aand vir die sing van kersliedere "Carols by flashlight" saam met die Morelettapark Stranddiensspan.

Kontak Ria indien jy dalk 'n interessante voorstel het om die dag nog meer besonders te maak Alle insette en idees sal waardeer word. Volledige program sal so spoedig moontlik deurgegee word.

6. BIBLIOTEEK

Die biblioteek is elke Woensdag tussen 11:00 en 12:00 oop maar sal vanaf 22 Desember 2016 tot 03 Januarie 2017 gesluit wees. Ons sien uit daarna om ons lesers te verwelkom.

Ons benodig 'n ekstra boekrak in die Biblioteek. Enige skenking in die verband sal waardeer word.

Boekskenkings word ook waardeer.

7. VUURWERKE OP DIE STRAND EN IN DORPSGEBIED

Vuurwerke is verbode in Oesterbaai en ook die strandgebied. Geen persoon mag enige vuurwerke gebruik of afvuur tensy hy of sy in besit is van ‘n geldige permit uitgereik deur ‘n inspekteur op ‘n wyse soos voorgeskryf deur die Wet op Plofstowwe (Wet 15 van 2003). Die gebruik van papierlanterns word ten sterkste afgekeur deur die Stasiebevelvoerder van Stasie 36 van die NSRI sowel as die Brandweer. NSRI word oorval deur oproepe wat sodanige lanterns as noodfakkels aansien. U samewerking in die verband word waardeer. Rapporteer asb. onwettige afvuur van vuurwerke/gebruik van lanterns. Skakel **042 291 0250** in die verband.

8. HONDE OP DIE STRAND

Vir baie van Oesterbaai se inwoners/besoekers is hulle honde belangrik en ons wil voorkom dat honde, soos op die meeste strande, totaal verban word. Volgens die Kouga Munisipaliteit moet honde te alle tye aan ‘n leiband wees op die strand. Die honde verskrik veral klein kinders!! ‘n Inligtingstuk in die verband is beskikbaar by die Inligtingskiosk.

9. RIOOL TARIEFLYS

Neem asb. kennis dat Oesterbaai vanaf 1 Februarie 2017 moet betaal om riole te laat uitsuig. Sien bygaande tarieflys.

10. STRANDSKOONMAAK

Living Waters se kleingoed en jongmense, saam met Madelein Viljoen, het onlangs ‘n strandskoonmaak aksie geloods. Ons sê baie dankie vir hierdie inisiatief.

11. DATUMS VAN BELANG

10 Desember 2016 Jan Blom en Neil Nachtrein – Die Blomtrein stop Saterdag 10 Desember op die oewer van die Kromme Rivier by River Kaya. Jy kan deel in die plesier teen R120/persoon. Vir meer inligting kontak Lindy 0845152865, www.riverkaya.co.za of lindy@oysterkaya.co.za

16 Desember 2016 Kerkdiens om 09:00 in Oesterbaai Gemeenskapsaal

18 Desember 2016 Kerkdiens om 09:00 in Oesterbaai Gemeenskapsaal

18 Desember 2016 Valiant Swart – Vanaf 14:00 op die oewer van die Kromme Rivier by River Kaya. Jy kan deel in die plesier teen R120/persoon. Vir meer inligting kontak Lindy 0845152865, www.riverkaya.co.za of lindy@oysterkaya.co.za

21 Desember 2016 Kersmark/Familie pretdag (Branderstraat) vanaf 09:00 (Pretdraf/loop begin reeds vanaf 06:30)

21 Desember 2016 Carols by Torchlight om 20:00 in dit tent te Branderstraat. Onthou om jou flitslig te bring.

22 Desember 2016 Algemene Jaarvergadering Oesterbaai Inwonersvereniging om 10:00 by Oesterbaai Gemeenskapsaal

25 Desember 2016 Kersdiens om 09:00 in die Oesterbaai Gemeenskapsaal. Die diens word aangebied deur die Oesterbaai Inwonerskomitee en word gelei deur Ds Manie Botha van die Moreletta Gemeente, Pretoria. Kollekte sal soos in die verlede aangewend word vir gemeenskapontwikkeling.

01 Januarie 2017 Kerkdiens om 09:00 in Oesterbaai Gemeenskapsaal

08 Januarie 2017 Kerkdiens om 09:00 in Oesterbaai Gemeenskapsaal

15 Januarie 2017 Kerkdiens om 09:00 in Oesterbaai Gemeenskapsaal

12. ALGEMEEN

Indien daar enige iets is wat u onder ons aandag wil bring, kontak asseblief enige een van die komiteelede en ons gee graag aandag daaraan.

Ons wens u graag ‘n geseënde Kersseisoen en voorspoedige 2017 toe!

OESTERBAAI INWONERSVERENIGING
DATUM:DESEMBER 2016